Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, May 06, 2018
Page: 5

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

# Eiendom in Mauritius? Loop lig

Na aanleiding van Riana de Lange se berig in *Sake* verlede week, "Mauritius lok ál meer SA kopers", wil ek vandag kyk na die finansiële en vererwingsgevolge van beleggings en eiendom in die buiteland. Veral Mauritius.

Kom ons begin by belasting. Ek hoor so baie dat mense, veral as hulle in die buiteland werk en daar 'n belastingvrye inkomste verdien, hul geld in die buiteland belê omdat die groei daar kwansuis dan belastingvry is. Dis twak. Suid-Afrikaanse inwoners word hier belas op wêreldwye inkomste en op wêreldwye bates. Dubbele belastingooreenkomste red jou ook nie altyd nie. Boedelbelasting in Suid-Afrika is 20% (25% as die belasbare boedel bó R30 miljoen is). In Brittanje is dit 40%.

En dan is daar die kwessie van jou testament, spesifiek met betrekking tot daardie gesogte eiendom in Mauritius.

Dit is nie net goeie praktyk om 'n aparte testament te hou vir jou buitelandse bates nie, dit is belangrik vanuit 'n finansiële oogpunt. Moenie glo jy gaan daardie eiendom sommer aan byvoorbeeld 'n langslewende gade bemaak nie. Die erfreg in Mauritius reserveer 'n persentasie van boedelbates vir die kinders van die oorledene. In Mauritius geld nie dieselfde testeervryheid (die reg om te bemaak) as hier nie.

As daar een kind is, móét hy of sy die helfte van die boedel erf, twee kinders 66% en drie kinders 75%. Jy het net beheer oor die bemaking van die res van jou boedel daar.

Asof dit nie genoeg van 'n bekommernis is nie, hier is ook die belastingtameletjie. Sou jy dus in jou testament die Mauritius-eiendom aan 'n oorlewende gade bemaak, is daar 'n besparing aan boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting. Dis omdat enige bemaking aan 'n gade aftrekbaar is vir boedelbelasting ingevolge art 4(q) van die Boedelbelastingwet (45 van 1955) en ook kapitaalwinsbelasting systap omdat die basiskoste aanskuif na die langslewende gade.

Maar as jou kinders móét erf, verloor jy die gade-voordeel. Die waarde wat na die kinders toe oorgaan, geniet nie die aftrekking nie en skielik is daar boedel- en kapitaalwinsbelasting in jou boedel waarvoor jy nie voorsiening gemaak het nie.

Die gevolg? Bates kan dalk verkoop moet word om belastings te betaal, of kontanterfgename kan hul erfporsie inboet.

Dit kan ook tot gevolg hê dat jou testament nie uitvoerbaar is nie en 'n groot deel van jou boedel kan intestaat vererf. Dis asof jy nie 'n testament gehad het nie en mense wat jy nooit in gedagte had nie, kan dalk erf.

As jy ernstig is oor jou bates en jou naasbestaandes (en jy behoort te wees) kry tog kundige hulp. Boedelbeplanning is 'n hoogs gespesialiseerde veld en soos ek hierbo net kortliks uitwys, daar skuil allerhande finansiële onheile as iemand dink hy weet, maar hy weet nie.

Vir buitelandse bates is dit beter om 'n aparte buitelandse testament vir elke land waar jy bates het op te stel. Vir 'n testament om in Mauritius aanvaar te word, moet dit daar geregistreer word, daar waar die eiendom geleë is.

En onthou tog as jy jou testament hier verander om nie sommer, soos die standaardklousule lui, alle vorige testamente te herroep nie, want dan herroep jy ook jou buitelandse testament.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.